SAKV Nuusbrokkies

Week 5/2009

Trotse SAKV Borge

5 Ster:

Bayer Environmental Science

COPROSMA NURSERY cc

EFEKTO

Erlima Wholesale Nursery

Magenta Plant Distributors

Malanseuns

Quality grows Rosendal Farms

MayFord

Starke Ayres

4 Ster:

garden pavilion

Doonholm Nursery

Hadeco

Horticulture International Keith Kirsten

MIT

Peebles Plants (Pty) Ltd Wholesale Plant Growers

3 Ster:

Elands Wholesale Nursery

Hoja Farm garden centre

Tubeflora "Just Add Water"

Dankie vir u ondersteuning

Hartlike Welkom:

Ons verwelkom die volgende maatskappy as nuwe lid van die SAKV:

Inheemse Plantkwekers Vereniging
Three Bushketeers (Brits, Gauteng)

Kalender: Februarie – Maart 2009

4 Februarie	Malanseuns Handelsdag
10 Februarie	Saailingkwekersvereniging vergadering
11 Februarie	GCA Cape Algemene Jaarvergadering
17 Februarie	Elands Nursery Opedag
	SAKV Bemarkingkomitee vergadering
18 Februarie	Verwante, Bol en Saad Handelsvereniging vergadering
	Cape Green Forum Opedag
19 Februarie	SAKV Uitvoerende Raadsvergadering
26 Februarie	Sierplantkwekersvereniging Ope vergadering – alle SAKV lede welkom

Kennis van SAKV Uitvoerende Raadsvergadering: 19/2/2009

Neem asseblief kennis van die SAKV Uitvoerende Raadsvergadering wat op Donderdag, 19 Februarie 2009 om 09:30 gehou sal word. Indien u enige sake het wat u by hierdie vergadering bespreek wil hê, kan u dit voor of op 10 Februarie aan u vereniging se voorsitter deurstuur.

Nominasies vir SAKV Toekennings:

Ons verleen elke jaar by die Konvensie erkenning aan SAKV lede wat 'n spesiale bydrae tot die Groen Industrie gelewer het, deur die toekenning van 'n Meriete-toekenning, Verdienste Toekenning en 'n Goue medalje.

'n Versoek om nominasies is uitgestuur vanaf die SAKV Kantoor en lede word vriendelik herinner om hul nominasies voor of op Vrydag, 13 Februarie 2009 aan Gerdie deur te stuur.

Indien u meer inligting verlang, kan u vir Gerdie kontak.

SAKV Handelsdag: 11/3/2009

Die SAKV Herfs Handelsdag word op 11 Maart 2009 aangebied en daar is nog beperkte uitstalruimte beskikbaar. U kan vir Gerdie kontak op gerdie@sana.co.za of 072 994 5368 indien u belangstel om uit te stal.

SAGIC Liefdadigheidsbal

SAGIC bied 'n Liefdadigheidsbal aan op 7 Maart 2009 ten bate van die Louis Botha Kinderhuis, wat 'n behoefte het aan 'n tuin. Kaartjies beloop R350.00 per persoon. Indien u inligting benodig of wil bespreek, kan u vir Di Pengelly by die SAGIC kantoor kontak op (011) 606-3855 of di@sali.co.za.

Tuinsentrum Kompetisie

Deelnemende tuinsentrums word vriendelik herinner dat kompetisie inskrywingsfooie voor of op 31 Januarie 2009 betaalbaar is.

Alle deelnemers word vriendelik versoek om drie fotos van u Tuinsentrum voor of op 28 Februarie 2009 aan die SAKV kantoor te stuur. Sou u verkies dat ons u 2008 fotos gebruik, kan u 'n skriftelike versoek aan Yolanda stuur op info@sana.co.za.

Dankie aan almal wat reeds fotos ingestuur het.

Ons wil graag ons Kompetisie Ankerborge; Malanseuns Plesier Plante, Efekto en Culterra bedank vir hul waardevolle ondersteuning.

SAKV Tom Arnold Beursfonds

Die Beurskomitee het onlangs onderhoude met beursaansoekers vir 2009 gevoer en was ingenome met die studente wat aansoek gedoen het. Dit is aangenaam om aan te kondig wie SAKV beurse ontvang het:

SP Dladla, DM Nekhunguni, R San, AK Lombo, S Sithela, KS Sefala, L Nenungwi, G Senne, LP Mofokeng, T Riekert, V Gabara, TA Awu, E Nkoana.

Ons wens hulle sterkte toe met hul studies in 2009.

Indiensopleiding:

Ons is tans besig om die lys van kwekerye wat bereid is om studente in diens te neem tydens hul praktiese opleidingsperiode, op te dateer. Indien u belangstel om studente by te staan, kan u vir Yolanda kontak op info@sana.co.za of 072 994 5368 vir meer besonderhede.

SNUFFELBROKKIES

Opsoek na Werk:

John Simpson is opsoek na werk in die groen industrie as bestuurder/kweker in 'n groothandelkwekery (verkieslik Gauteng, maar is bereid om te hervestig). Vyf-en-twintig jaar ondervinding in bestuur, kweek, bemarking en verkoop van struike, grondbedekkers en meerjarige plante. Kontaknommer: 083 326 7670, e-pos: Simpsons@mweb.co.za.

Saailinge Benodig:

Ons het 'n versoek gehad vir Dopperkiaatsaailinge (Pterocarpus rotundifolius). Kontak asseblief vir Gerdie by die SAKV kantoor of vir Peet van Der Walt op 084 444 5556 indien u bystand kan lewer of verdere inligting verlang.

Groete, Gerdie

SANA / SAKV | Tel: 072 994 5368/71 | F: 0866182344 | E-mail: gerdie@sana.co.za